

4 April

Skrifgedeelte: Lukas 5:27-6:11

Fokusgedeelte: Lukas 5:33-39

Dien die Here op 'n vreugdevolle en persoonlike wyse!

Die manier waarop Jesus met sondaars omgegaan het, het die Fariseërs en Skrifgeleerdes teen die bors gestuit. Die feit dat Jesus op die Sabbat genees en saam met n onrein tollenaar en sy vriende geëet het, was vir hulle een te veel.

Wat die aanstoot nog erger gemaak het is die feit dat die maaltyd by Levi aan huis ook nog op 'n vasdag plaasgevind het (Mark 2:18). Sowel die volgelinge van die Fariseërs as die van Johannes die Doper het gereeld gevas. En nou wil die mense weet waarom Jesus se dissipels nie dieselfde doen nie.

Jesus se antwoord getuig soos altyd van volmaakte, praktiese wysheid: die bruihofsgaste (sy dissipels) kan tog nie vas terwyl Hy, die Bruidegom, by hulle is nie. Dan moet hulle juis feesvier Daar kom egter 'n tyd wanneer die Bruidegom van hulle weggeneem *sal word*, en dan sal hulle vanself vas as gevolg van hulle groot droefheid (5:34, 35). Hier verwys Jesus die eerste keer in die Lukas-Evangelie profeties na sy komende sterwe en begrafnis.

Ten einde die unieke aard van sy bediening te illustreer, vertel Jesus twee kort gelykenisse. In beide sê Hy dat die nuwe bedeling só eiesoortig is dat dit nie maar soos 'n nuwe lap op die ou godsdienstige gebruike vasgewerk kan word of soos nuwe wyn in ou sakke gegooi kan word nie. Nee, Jesus het die Ou-Testamentiese seremonies kom vervul. Daarom moes die skadu's en die uitwendige seremonies wyk om plek te maak vir die geheel nuwe van 'n *persoonlike verhouding* met God wat in Jesus Christus mens geword en onder ons kom woon het!

As duurgekoopte bruidskerk is jy bevry van die siellose formalisme waarmee die Fariseërs gemeen het om God te dien. Jy vas nie ter wille van vas nie en jy bid nie uit gewoonte nie. Nee, jy dien die God van jou verlossing met die blydschap van 'n Geesvervulde bruid wat op pad is na die ewige bruijfsvreugde van die nuwe aarde!

Sing: Psalm 100:1-4

Ds JJ Cloete (Koster)